

# DIE INDIVIDUALISME-KOLLEKTIVISME-DIMENSIE VAN KULTURELE VARIASIE: IMPLIKASIES VIR MONDELINGE ONDERRIGKOMMUNIKASIE

F H Terblanche

## ABSTRACT

Meaningful instructional communication in a multicultural context is only possible if the participants on the one hand take into account similarities, and on the other hand show mutual understanding for inter alia, differences in culturally determined habits of thought and communication patterns. One way of understanding the influence of different cultural orientations on instructional communication, is to consider aspects of the dimensions of cultural variation. In this regard it could be argued that the individualism-collectivism dichotomy can probably be regarded as the most important dimension.

This article posits the communication implications that certain individualism-collectivism related trends and patterns have in a teaching context. This is achieved by virtue of a comprehensive overview of recent scientific literature, as well as the findings of a research project conducted on the campus of the UOVS.



*Prof Terry Terblanche is hoof van die Departement Kommunikasiekunde aan die UOVS*

## ORIËNTERING, MOTIVERING EN DOEL

Een van die min sekerhede in die hedendaagse Suid-Afrikaanse leefwêreld van dosente en studente is dat hulle as kommunikerende skepsels hul in 'n toenemende mate in 'n multikulturele onderrigkonteks bevind. Doeltreffende onderriggebeure in só 'n komplekse situasie is uiteraard nou verweef met die mate waarin die kommunikasiedeelgenote kompetent is in die hantering van die eiesoortige

eise wat verskillende kulture aan die mededeling en vertolking van boodskappe stel. Dit is dan ook teen sowel hierdie agtergrond as die veronderstelling dat elke kultuur sy eie perspektief op kommunikasie het (Hecht, Ribeau & Sedano 1990:32) dat die onderhawige bespreking ten doel het om 'n aanduiding te gee van enkele implikasies wat bepaalde kultuuriëntasies vir onderriggebaseerde boodskapverkeer het. Hierdie aanduiding kan as vertrekpunt dien vir die daarstelling van 'n benaderingswyse tot onderrigkommunikasie binne die konteks van 'n multikulturele onderrigsituasie.

Hofstede (1980:9), wat daarvan oortuig is dat die oorlewning van die mensdom in 'n groot mate bepaal gaan word deur die mate waarin mense wat verskillend dink, oor die vermoë beskik om gesamentlike optrede aan die dag te lê, wys tereg daarop dat 'n aanduiding van kultuerafhanklike verskille met betrekking tot menslike denke en sosiale handelinge nie altyd in 'n positiewe lig beskou word nie. Ook hier te lande is dit om uiteenlopende redes nou maar eenmaal so dat mense dikwels uitermatig sensitiif is vir die idee dat kultuurverskille 'n werklikheid is wat 'n noemenswaardige invloed op verskeie aspekte van menslike bestaan en naasbestaan uitoeft.

Een van die redes wat tot die voorgenoemde situasie aanleiding gegee het, is dat daar in die hantering van multikulturaliteit in die onlangse verlede 'n oorbeklemtoning van kultuur-

verskille plaasgevind het. Mense is in allerlei kategorieë geplaas, terwyl rasse en etniese stereotipering ontwikkel het (vgl. bv. Tomaselli 1992:63-66; Steyn 1994:18) wat uiteraard weer kommunikasie verder belemmer het. Hierteenoor word daar hedendaags dikwels met betrekking tot die identifisering van basiese vertrekpunte vir die daarstelling van 'n kommunikasiebenadering in 'n kultureel interaktiewe onderrigkonteks van die standpunt uitgegaan dat daar eerder op kulturele ooreenkomste as verskille gelet behoort te word.

Op die keper beskou, dra albei genoemde ekstreeme benaderings met betrekking tot verskeie saamleefaaangeleenthede by tot 'n uiters ongewensde toedrag van sake. Wat byvoorbeeld spesifiek die terrein van interkulturele onderrigkommunikasie betref, blyk 'n balans tussen 'n oorbeklemtoning van kulturele verskille en 'n oorbeklemtoning van kulturele ooreenkomste die ideaal te wees (vgl. Kruger 1990:24). Dienaangaande kan gekonstateer word dat sinryke onderrigkommunikasie as bestaanwyse, in 'n multikulturele konteks slegs moontlik is as die deelhebbers daaraan enersyds gemeenskaplikhede in ag neem en andersyds onderlinge begrip openbaar vir byvoorbeeld die wyse waarop hul kultuurbepaalde denkwyses en kommunikasiepatrone van mekaar verskil, 'n opregte begeerte ontwikkel om verskille in al sy fasette te waardeer en sodanige verskille, met die oog op betekenisdeling, ten opsigte van hul oorsake, voorkoms en implikasies doelbewus langs

wetenskaplike weë te verreken. Só benader, spreek dit vanself dat kennis aangaande die eise wat kultuur aan kommunikatiewe gedrag stel nie as 'n akademiese luukse beskou kan word nie. Inteendeel, sodanige kennis is eerder 'n noodsaklike voorvereiste vir suksesvolle kommunikasie in 'n land waar wankommunikasie en naïewe hoopvolheid vir die seëviering van goeie bedoelings feitlik 'n alledaagse verskynsel is.

Een van die wyses waarop sowel aspekte van die betekenis van die kultuurverskynsel as die implikasies wat dit vir kommunikatiewe gedrag het in 'n redelike mate aan die orde gestel kan word, is om aspekte van die verskillende dimensies van kulturele variasie in oënskou te neem. Die dimensies van kultuur wat 'n direkte invloed op kommunikasiegebeure uitoefen, kan vanuit 'n verskeidenheid invalshoeke benader word (vgl. Gudykunst & Ting-Toomey 1988:39-57; Earley 1989:567). Só kan verwys word na onder andere Parsons (1951) se beskouing oor patroonveranderlikes (bv. selforiëntasie-kollektiewe oriëntasie, universalisme-partikularisme en spesifisiteit-verspreidheid); Kluckhohn en Strodtbeck (1961) se beskouing oor waarde-oriëntasie (bv. relasionele, aktiwiteits- en tydoriëntasie); Boldt (1978) se beskouing oor die dimensie van strukturele digtheid; en Hofstede (1980) se vier-dimensionele model van kulturele verskille (individualisme-kollektivisme, magsafstand, onsekerheidsvermyding en manlikheid-vroulikheid).

Gegee die wetenskaplike aard van Hofstede (1980, 1983, 1986, 1991) se navorsing (vgl. Gudykunst & Ting-Toomey 1988:50; Goodman 1994:136), en die feit dat daar in die literatuur 'n groot mate van konsensus bestaan dat die individualisme-kollektivisme-digotomie as een van die belangrikste dimensies, indien nie die hoofdimensie nie, van kulturele variasie beskou kan word (Gudykunst, Yoon & Nishida 1987: 295; Han & Shavitt 1994:326; Brislin 1994:76; Bond 1994:69), word die aandag vervolgens uitsluitlik bepaal by daardie aspekte van die individualisme-kollektivisme-dimensie van kulturele variasie wat implikasies vir onderrigkommunikasie inhoud. 'n Verdere motivering vir dié keuse hou daarmee verband dat genoemde dimensie reeds deur middel van navorsing geïdentifiseer is as 'n belangrike faktor met betrekking tot 'n begrip van kulturele waardes en patronen, moraliteit, religie, kognitiewe differensiasie, sosiale sisteme, ekonomiese ontwikkeling, die struktuur van konstitusies en kommunikasiepatrone (Triandis, Brislin & Hui 1988:270; Gudykunst & Ting-Toomey 1988:40; Gudykunst et al. 1996:512-513; Yum 1988:381). Dit is juis vanweë die massiewe hoeveelheid navorsing wat sedert die jare negentig op die terrein van individualisme en kollektivisme gedoen is, dat na dié tydperk as die dekade van individualisme-kollektivisme verwys kan word (Kagitçibasi 1994:52; vgl. ook Chan 1994:200; Schwartz 1994:86).

# 'N AANDUIDING VAN DIE AARD EN KENMERKE VAN DIE INDIVIDUALISME-KOLLEKTIVISME-DIMENSIE VAN KULTURELE VARIASIE AS VERTREKPUNT VIR 'N BENADERINGSWYSE TOT ONDERRIGKOMMUNIKASIE

## Inleiding

Dit is 'n algemene tendens dat die lede van verskillende kulture in 'n meerder of mindere mate verskil ten opsigte van aspekte soos samewerking, kompetisie, die behoefte om aan groepe te behoort, die vorming van vriendskappe, die ontwikkeling van ondersteuningssisteme en die mededeling en vertolking van boodskappe. Die verskille tussen sowel hierdie as ander soortgelyke menslike en tussenmenslike verskynsels word, soos in die res van die onderhawige bespreking aangedui word, onder meer bepaal deur die mate waarin 'n kultuur individualisties of kollektivisties georiënteerd is.

## Individualistiese kulture

### Algemeen

Die begrip individualisme, wat 'n groot aantal idees en elemente omvat, is nie slegs vatbaar vir uiteenlopende betekenisse nie, maar word ook al vir etlike eue in 'n ontsaglike verskeidenheid kontekste gebruik. In

hierdie verband verwys Lukes (1973:73-122), in sy bespreking van die basiese idees van individualisme, na aspekte soos die waardigheid van die individuele menslike wese, die idee van autonomie, die idee van 'n private bestaan binne 'n openbare wêreld, die idee van selfontwikkeling, die abstrakte individu, en politieke, ekonomiese, religieuse, etiese, epistemologiese en metodologiese individualisme.

### *Enkele kenmerke van individualistiese kulture*

Individualistiese kulture, waarin die minderheid van die mense op die aarde hulle bevind, word deur die oortuiging gekenmerk dat die kleinste eenheid vir oorlewing die individu is. Die band tussen individue is van 'n losse aard en die individu se doelstellings, initiatiewe en prestasies is belangriker as dié van die groep. Dit is teen dié agtergrond dat Hofstede (1980:221) individualisme omskryf as die emosionele onafhanklikheid van individuele persone van groepe, organisasies, of ander kollektiwiteite.

Gegee die voorgaande opmerkings is dit duidelik waarom onderwysgebeure binne die konteks van 'n individualistiese kultuur onder meer ten doel het om die kind daartoe in staat te stel om uiteindelik op sy eie voete te staan en na sy eie belang en dié van sy onmiddellike familie om te sien. Trouens, dit word van 'n gesonde persoon verwag om nóg prakties nóg psigologies van 'n groep afhanklik te wees (Hofstede 1991:51).

Volgens Hofstede (1980:221) word die hoogste individualisme-indekswaardes op 'n 100-punt individualisme skaal (6 = laagste; 91 = hoogste) in die Verenigde State (91) aangetref. Bellah et al. (1985:142) bevestig dan ook dat individualisme die kern uitmaak van die Amerikaanse kultuur wanneer hulle vanuit 'n tipiese Amerikaanse oriëntasie konstateer: "Ons glo in die waardigheid, in werklikheid, die heiligeheid van die individu. Alles wat kan inbreuk maak op ons reg om vir onsself te dink, vir onsself te oordeel, ons eie besluite te neem, ons lewe te leef soos ons dit goed ag, is nie slegs moreel verkeerd nie, dit is heiligkennend. Ons hoogste en edelste aspirasies, nie slegs vir onsself nie, maar vir hulle vir wie ons omgee, vir ons samelewings en vir die wêreld, is nou verbind met ons individualisme".

In die lig van die voorgaande opmerking is dit ook nie vreemd dat Amerika die uitvinder van die mees mitiese individuele held, naamlik die cowboy is nie. Die cowboy beskik oor besonderse talente en vaardighede en het 'n spesiale sin vir regverdigheid, maar hierdie kenmerke maak hom so uniek dat hy nooit werklik aan die gemeenskap behoort nie. Hy verdedig die gemeenskap op 'n wonderbaarlike wyse, maar verbind hom nie. Inteendeel, nadat hy sy taak afgehandel het, jaag hy alleen weg en verdwyn in die sonsondergang, soms vergesel van sy Indiaanse vriend (Bellah et al. 1985:145).

Die tweede en derde hoogste individualisme-indekswaardes word onderskeidelik in Australië (90) en Groot-Brittanje (89) aangetref. Besondere hoë individualistiese waardes is ook gevind in byvoorbeeld die Nederlande (80), Nieu-Seeland (79), België (75), Swede (71), Frankryk (71) en Ierland (70) (Hofstede 1980:222).

## Kollektivistiese kulture

### Algemeen

Verreweg die meeste mense op die aarde woon in samelewings waar die belang van die groep die oorhand het bo die belang van die individu. Hofstede (1991:50) beskou hierdie samelewings as kollektivisties. Yamaguchi (1994:187) omskryf dan ook kollektivisme as 'n neiging om groepdoelstellings hoër te ag as persoonlike doelstellings wanneer dié twee in "konflik" verkeer. Só benader, word die begrip kollektivisme nie in die politieke sin van die woord gebruik nie, aangesien dit nie na die mag van die staat oor die individu verwys nie, maar na die mag van die groep.

### Enkele kenmerke van kollektivistiese kulture

In kollektivistiese kulture word van die standpunt uitgegaan dat die kleinste eenheid vir oorlewing nie die individu nie, maar die kollektief is (Reykowski 1994:277). In sommige kollektivistiese kulture kan die individu die norme van hulle kollektiewe

so volledig internaliseer dat daar feitlik geen onderskeid getref kan word tussen die individu se persoonlike doelstellings en dié van die binnegroep nie. Die binnegroep, soos 'n uitgebreide familie, stamgroep, werkgroep, organisasie of etniese groep (vgl. Han & Choe 1994:213), beskerm die belang van sy lede, maar verwag van hulle permanente lojaliteit.

Kollektivistiese gemeenskappe word ook daardeur gekenmerk dat hulle sosiale ondersteuningsisteme besonder goed ontwikkel is. Sodanige gemeenskappe beskik gevvolglik oor 'n hegte integrasie, terwyl individualistiese gemeenskappe in die reël losweg geïntegreerd is. Samevattend kan kollektivisme binne kultuurverband omskryf word as 'n stel gevoelens, oortuigings, gedragsintensies en gedrag wat in verband staan met saamhorigheid en besorgdheid vir ander mense (Hui 1988:17; vgl. ook Bierbrauer et al. 1994:190).

Volgens Hofstede (1980:221) word die laagste individualisme-indekswaardes, dit wil sê hoë kollektivistiese kulture aangetref in Guatemala (6), Ecuador (8), Venezuela (12), Colombia (13) en Pakistan (14). Lae individualisme-indekswaardes is ook gevind in byvoorbeeld Taiwan (17), Suid-Korea (18), Singapoer (20), Wes-Afrika (20), Hongkong (25), Portugal (27), Oos-Afrika (27) en Mexiko (30) (Hofstede 1983:298-299; 1991:53; vgl. ook Kim, Triandis, Kagitçibasi, Choi & Yoon 1994:1; Chan 1994:208; Bierbrauer et al. 1994:197).

## 'N AANDUIDING VAN INDIVIDUALISME-KOLLEKTIVISME-VERWANTE TENDENSE AS UITDRUKKINGS VAN MENSELIKE VERSKYNSELS

### Algemeen

Ten einde vertrekpunte te kan formuleer vir die aanpassing van onderrigkommunikasie by die eise wat die individualisme-kollektivisme-dimensie van kulturele verskeidenheid stel, is daar vanuit die Departement Kommunikasiekunde van die UOVS ondersoek ingestel na die mate waarin genoemde dimensie op die kampus aangetref word (Terblanche & Beunink 1996). Die ondersoek is vanuit sowel kwantitatiewe as kwalitatiewe navorsingsinvalshoeke gedoen. Die kwantitatiewe navorsingskomponent was tweeledig van aard. Eerstens was die oogmerk om die mate van individualisme-kollektivisme aan die hand van 'n multimetode-benadering te bepaal. Sodanige bepaling is verkry deur 'n enkele telling (COLINDEX) wat afgelei is van drie metingskale (inhoud oor die self, houdings en waardes), te bereken (Chan 1994:200-207). Tweedens was die uitgangspunt om 'n beskrywende analise van voorgraadse studente (N=216; 74 Manlik en 142 Vroulik) se mening met betrekking tot die individualisme-kollektivisme-dimensie te verkry om sodoende enkele tendense te identifiseer. Data is by wyse van 'n gestruktureerde vraelys wat in

groepsverband afgeneem is, ingewin. Afgesien van vroeë rondom demografiese veranderlikes soos geslag en moedertaal, is stellings aan die hand van bepaalde kommunikasieverwante verskynsels (soos selfkonsep, houdings, waardes, kommunikatiewe gedrag en onderrig-style) geformuleer. Ten einde sodanige verskynsels te verhelder is van 'n kwalitatiewe benaderingswyse op dievlak van inhoudsontleding van protokolle, ongestructureerde onderhoude en nie-deelnemende waarneming gebruik gemaak ( $N=157$ ). Om praktiese redes word die meetinstrumente en resultate wat op die UOVS-ondersoek betrekking het, nie volledig uiteengesit nie. Trouens, slegs enkele bevindinge word, binne die konteks van kommunikasierelevante kenmerke van nasionale kulture in die algemeen, voorgehou.

Uit die ondersoek het dit duidelik na vore gekom dat die studente op die kampus albei oriëntasies verteenwoordig. Dit blyk dat daar 'n verband bestaan tussen studente se moedertaal en die individualisme-kollektivisme-dimensie van kulturele variasie. Meer spesifiek gestel, blyk dit dat studente wie se moedertaal Afrikaans of Engels is, individualisties dominant is (78%), terwyl studente wat een van die Afrikatale as moedertaal het, hoofsaaklik kollektivistiesgeoriënteerd is (66%). Voorts het dit duidelik geword dat sommige studente oor sowel 'n individualistiese as 'n kollektivistiese oriëntasie beskik.

Dit spreek vanself dat daar in sowel individualistiese as in kollektivistiese kulture talryke individuele verskille voorkom. Individue kan binne elk van genoemde twee oriëntasies byvoorbeeld verskil ten opsigte van die wyse waarop hulle hul persoonlike doelstellings binne 'n medemenslike verband hanteer, die mate waarin hulle verplig voel om aandag te skenk aan die behoeftes van ander mense of die soort sosiale gedrag wat uitgevoer word met die die oog op persoonlike bevrediging.

In bogenoemde verband is, in ooreenstemming met tendense in ander wêrelddele (Triandis, Brislin & Hui 1988:271; Triandis, Leung, Vilareal & Clack 1985:395), op die UOVS-kampus bevind dat daar binne die konteks van sowel individualistiese as kollektivistiese oriëntasies tussen idiosentriese en allosentriese individue onderskei kan word. Individue wat idiosenties is, is meer begaan oor hulle eie behoeftes as dié van ander mense. As hulle in kollektivistiese kulture funksioneer, gee hulle aandag aan die behoeftes van ander persone bloot omdat hul onderverpligting staan om dit te doen, terwyl hulle ook ambivalente gevoelens het teenoor tradisionele norme (vgl. Han & Choe 1994: 222). Hierteenoor is allosentriese individue primêr in die behoeftes van die groep en hulle gemeenskap geïnteresseerd en beskou hulle dan ook die binnegroep as 'n verlengstuk van die self. Hulp aan ander persone verskaf aan hulle persoonlike bevrediging (Triandis, Brislin & Hui 1988:271; vgl. ook Robins &

Foster 1994:120). Navorsingsbevindinge toon aan dat allosentrisme positief korreleer met sosiale ondersteuning en lae vlakke van vervoerding en anomie, terwyl idiosentrisme positief korreleer met die beklemtoning van prestasie en waargenome eensaamheid (Triandis et al. 1988:323).

Dit is duidelik dat daar binne 'n oorwegend individualistiese of binne 'n oorwegend kollektivistiese kultuur nie slegs verskillende soorte subkulture kan bestaan of grade van individualisme of kollektivisme kan voorkom nie, maar dat die twee onderskeie oriénterings ook in verskillende kombinasies te voorskyn kan tree. Wat soorte betrek, kan verwys word na byvoorbeeld gade-, ouer- of medewerkerkollektivisme. Binne 'n kultuur kan uiteraard ook uiteenlopende variasies voorkom. 'n Persoon kan byvoorbeeld, soos Hui (1988:20-21) dit stel, besonder kollektivisties wees met betrekking tot sy vriende, terwyl hy totaal onafhanklik en geïsoleerd van sy familie optree. Met ander woorde, 'n persoon kan allosentries wees in verhouding tot 'n spesifieke binnegroep en kan idiosentries wees in verhouding tot 'n ander binnegroep (Triandis et al. 1988:333). 'n Ander persoon kan weer hoogs betrokke wees by sy familie, terwyl hy mense buite die familiekring volkome verontgaam.

Kollektivistiese kulture kan ook verskil ten opsigte van hoe belangrik 'n bepaalde binnegroep geag word. In sommige gevalle kan die familie as

die belangrikste binnegroep beskou word. In ander gevalle weer, kan die organisasie wat aan die lede werk voorsien of die onderriginstelling waaraan die student verbonde is, voor alle ander binnegroepe geplaas word. Feit is: individue kan byvoorbeeld in 'n groot mate afwyk van die algemene norme wat in 'n bepaalde kultuur aangetref word (vgl. bv. Brislin 1994:78) of hulle kan sowel individualistiese as kollektivistiese kenmerke openbaar (vgl. Ho & Chiu 1994:155-156). In byvoorbeeld die hoogs komplekse Indiese psige, wat 'n weerspieëeling van die Indiese sosiale realiteit is, bestaan kontrasterende waardes soos individualisme en kollektivisme saam in individue en kulture (Sinha & Tripathi 1994:124).

Voorgenoemde moontlike toedrag van sake is egter nie 'n ontkenning daarvan dat individue en kulture in 'n groot mate met betrekking tot die individualisme-kollektivisme-dimensie verskil nie. Verskille tussen individue kan, soos Reykowski (1994:280) dit terig stel, verduidelik word as 'n resultaat van ongelyke beskikbaarheid van die twee fasette van selfidentiteit. Mense is geneig om in oorwegende mate op 'n individualistiese wyse op te tree as die beskikbaarheid van die persoonlike identiteit hoog is, en omgekeerd.

Een van die implikasies van voorgenoemde tendense is dat die individualisme-kollektivisme-dimensie alreeds 'n betreklike groot mate van veralgemening veronderstel. In werk-

likheid is 'n klinkklare onderskeid tussen individualistiese en kollektivistiese kulture dus nie sonder meer haalbaar nie. Dit is nietemin moontlik om aan die hand van bepaalde menslike en tussenmenslike verskynsels enkele algemene individualisme-kollektivismus-verwante tendense en patronen te identifiseer wat as vertrekpunt kan dien vir 'n benaderingswyse tot onderrigkommunikasie in 'n multikulturele konteks (vgl. bv. Triandis, Brislin & Hui 1988:272-279).

## Die self

Navoringsbevindinge toon aan dat talle aspekte van die self deur kulturele faktore beïnvloed word en dat 'n persoon se beskouing van die self enerds sy kognisies, emosies en motiverings beïnvloed en andersyds een van die hoofbepalers van sosiale gedrag is (vgl. Markus & Kitayama 1991:224-253; Triandis 1989:517; Yamaguchi 1994:176-177). Een van die kulturele faktore wat 'n beduidende invloed op die self uitoeft, is die wyse waarop die verband tussen die self en ander persone beskou word. Meer spesifiek gaan dit hier oor die mate waarin daar in 'n kultuur 'n skeiding of 'n samehang tussen die self en ander persone veronderstel word. Ho en Chiu (1994:145) stel in hierdie verband dan ook dat 'n persoon se individualistiese of kollektivistiese oriëntasie bepaal word deur die self-anderverhouding wat betrokke is, en dat dit nie voorspelbaar is op grond van sy/haar globale houding teenoor tradisionele waardes nie.

Die self kan ook begryp word as samenvallend met die liggaam (bv. 'n Westerse beskouing) of met 'n groep soos 'n familie of 'n stam, of 'n sosiale konteks waarin 'n persoon betrokke is, soos in sommige Afrika- en Asiatische beskouings, die geval is (Triandis 1989:507; Beattie 1980:314-315). Wat laasgenoemde aspek betref, spreek dit duidelik uit die navorsingsliteratuur dat daar beduidende verskille tussen die Westerse en die nie-Westerse beskouings oor die self bestaan (vgl. bv. Marsella, DeVos & Hsu 1985; Moeran 1984: 263).

Die Westerse self word in die besonder daardeur gekenmerk dat dit analities, monoteïsties, materialisties, rasionalisties en individualisties van aard is (Johnson 1985:113; vgl. ook Dierks 1983:48-56). Met betrekking tot die individualistiese aspek van die self, blyk dit dat daar binne die konteks van die meeste Westerse kulture normaalweg van die standpunt uitgegaan word dat elke individu oor 'n unieke potensiaal, eie innerlike en private self beskik. Die begrip "private self" dui hier op kognisies wat persoonlike eienskappe, toestande of gedragsaspekte, wat nie op ander mense betrekking het nie, omvat (Triandis 1989:507; Trafimow, Triandis & Goto 1991:650). Dienaangaande is Triandis (1989:517) van oortuiging dat hoe meer individualisties, kompleks en "los" 'n kultuur is, hoe meer waarskynlik is dit dat die lede daarvan 'n private self aan die dag sal lê. In aansluiting by hierdie beskouing het Trafimow et al. (1991:651) dan ook bevind dat lede

van individualistiese kulture idiosentriese kognisies, dit wil sê, kognisies wat die inhoud en strukture van die private self bevat, meer herroep as wat die geval by lede van kollektiviese kulture is.

Waterman (1984:4-5) stel tereg dat individualistiese kulture selfverwesenliking as een van die hoofdeugde in menslike bestaan beskou. Dit is terselfdertyd die hoogste doeleinde waaraan die mens sy lewe kan wy. Die strewe na die verwesenliking van die self gaan gepaard met 'n subjektiewe sin vir byvoorbeeld persoonlike welsyn. Johnson (1985:123) wys daarop dat in die Westerse samelewings - veral in die Verenigde State - die idee van verhoogde individualisme 'n invloed op die balans van gesinsverhoudinge en -verpligtinge het. Kinders word gelykydig gesosialiseer om gehoorsaam te wees, om hulle te onderwerp aan reëls wat die regte van ander mense beskerm en om 'n progressiewe onafhanklikheid te ontwikkel. Langs hierdie weg word die kind dan geleer om geleidelik verantwoordelikheid vir sy eie optrede te aanvaar, die eise wat hy aan ander mense stel te minimaliseer en 'n interne lokus van kontrole te ontwikkel. In die UOVS-ondersoek het dit duidelik gevlyk dat individualistiese studente 'n hoë premie plaas op die vestiging en instandhouding van aktiwiteite wat op die welsyn van die self betrekking het.

In teenstelling met die skeiding wat daar in individualistiese kulture

tussen die self en ander persone gemaak word, beklemtoon kollektiviste, soos byvoorbeeld in die tradisionele Afrikakultuur die geval is, die eenheid en interafhanklikheid van die self en die medemens. Dit is kragtens só 'n beskouing dat gestel kan word: "Ek is omdat ons is" (vgl. Mbiti 1970:108). In Tswana byvoorbeeld, skryf Dierks (1983:54), word daar nie vir 'n persoon in die enkelvoud gevra hoe dit met hom gaan nie, maar wel hoe dit met hom en die ander lede van sy familie gaan. In die UOVS-ondersoek het dit dan ook duidelik aan die lig gekom dat kollektiviste hulle geluk in terme van betekenisvolle ander definieer. In dié verband kan op twee aspekte van Triandis (1989:517) se bespreking van navorsingsbevindinge oor die kollektiewe self (kognisies wat verwys na sosiale entiteite soos demografiese kategorieë of groepe) gelet word:

- (1) Dit blyk dat die ontwikkeling van 'n kollektiewe self verband hou met die mate waarin lidmaatskap van binnegroepe beloon word (bv. die verlening van hoë status), daar kompetisie met buitegroep bestaan, die binnegroep dikwels genoem word in die sosialisering van die kind (bv. die herhaalde gebruik van vaderlandsliewende liedjies in die skool), en die binnegroep onderskeie norme en waardes het van ander in die ooplopende groepe.
- (2) Dit wil voorkom dat hoe groter 'n individu se afhanklikheid van 'n kollektief is en hoe minder binne-

groepes daar bestaan, dit wil sê hoe groter die waarskynlikheid is dat die binnegroep die lede daarvan kan beïnvloed, hoe meer waarskynlik is dit dat hy 'n kollektiewe self sal openbaar.

Yamaguchi (1994:179) sluit by voorogenoemde beskouing aan wanneer hy stel dat daar twee redes bestaan vir die dominansie van die kollektiewe self oor die private self, naamlik: psigologiese gehegtheid (d.w.s., verwagting van beloning) en vrees vir afkeuring (d.w.s., verwagting van straf).

In teenstelling met die beklemtoning van faktore soos selfvertroue, onafhanklikheid en kreatiwiteit in individualistiese kulture, word kinderopvoedingspatrone in kollektivistiese kulture aangetref wat konformiteit, gehoorzaamheid en betroubaarheid beklemtoon. Hierdie patronen word normaalweg geassosieer met belonings vir konformiteit aan binnegroepdoelstellings, wat lei tot die internalisering van sodanige doelstellings (Triandis 1989:510, 513).

Wat die nie-Westerse beskouings betref, blyk dit met betrekking tot byvoorbeeld China, "die oppergesag van familieskap" (Hsu 1985:35) dat die Chinese Confucianis die self beskou as 'n middelpunt van verhoudings en 'n dinamiese proses van wording en ontwikkeling wat voortduur deur 'n lewenslange leerproses wat deur middel van sowel boeke as rituele praktyke geskied. Só benader, is die self, in essensie, 'n ontwik-

kelende deel van 'n voortdurende familiestamboom (Marsella, DeVos & Hsu 1985:18). "Jy en ek is een", lui 'n bekende Chinese spreekwoord (Bond 1993:256).

Wat die Indiese konseptualisering van die self betref, blyk uit die navorsingsbevindinge van Sinha en Tripathi (1994:136) dat, afhangende van die konteks, die grense van die self voortdurend verskuif en dat die self nie oorheersend individualisties of oorheersend kollektivisties is nie. Die Indiërs streef daarna om die beste voordeel van albei oriëntasies te bekom en openbaar dus dikwels 'n mengsel daarvan in gedragswyses. Dié standpunt word ondersteun deur die bevindinge van Mishra (1994:236) wat daarop dui dat Indiërs individualistiese en kollektivistiese waardes gelyktydig openbaar.

In die UOVS-kampusondersoek is studente se houdings oor die self met behulp van Kuhn en McPartland (1954) se sinsvoltooiingstegniek bepaal. Hieruit het geblyk dat individualistesgeoriënteerde studente, in teenstelling met kollektivistiese studente, geneig was om idiosentriese eerder as groepresponse te gee. In hierdie verband is gevind dat idiosentriese response hoofsaaklik temas soos voorkeure, afkeure, houdings, oortuigings en unieke eienskappe van die individue ingesluit het. Wat die groepresponse betref, het studente hulself aan die hand van sosiale entiteite soos taalgroep, herkoms, burgerskap en studierigting beskryf.

Gegee die voorgaande oorsigtelike opmerkings oor die verband tussen die individualisme-kollektivisme-dimensie van kultuur en die self, kan samevattend gestel word dat aangesien die manifestasies van die self die vorm van kommunikasie aanneem, doeltreffende onderrigkommunikasie op geen wyse los gedink kan word van die eise wat kulturbepaalde selfbeskouings daarin speel nie.

## Houdings en verhoudings

Triandis, Brislin en Hui (1988:275) stel dat die lede van kollektivistiese kulture in die algemeen besonder positiewe houdings het teenoor hulle uitgebreide families en gemaklik voel binne vertikale verhoudings (bv. in China, vader-seun; in Indië, moeder-seun; in Afrika, ouer broer-jonger broer). Hierteenoor openbaar individualistiese kulture die mees positiewe houdings teenoor horisontale verhoudings (bv. vriend-vriend; wederhelf-wederhelf). Individualiste is dikwels ambivalent omtrent persone in gesagsposisies of vertikale verhoudings.

In teenstelling met die kollektiviste se beklemtoning van die familie as hoofbinnegroep (met die uitsondering van byvoorbeeld Japan waar ook 'n werkgesentreerde kollektivisme aangetreft word) is individualiste dikwels geneig om die werkgroep as die belangrikste binnegroep te beskou. Dis teen dié agtergrond dat soms gestel word dat individualiste die klem plaas op take, terwyl kollekti-

viste die mens beklemtoon. Byvoorbeeld, wanneer 'n persoon in 'n kollektivistiese kultuur iemand ontmoet terwyl hy onderweg is na sy werk of 'n vergadering sal hy waarskynlik geneig wees om te stop en te gesels, aangesien dit om die een of ander rede belangrik mag wees, terwyl 'n persoon in 'n individualistiese kultuur homself sal verskoon of selfs die ontmoeting kan vermy (Triandis, Brislin & Hui 1988:278; Triandis et al. 1988:325).

Wat die vorming van vriendskappe betref, dui navorsing daarop dat lede van individualistiese kulture geneig is om spesifieke vriendskappe te vorm, terwyl lede van kollektivistiese kulture vriendskappe vorm wat vooraf bepaal is deur bestendige verhoudings wat reeds op 'n vroeë leeftyd gevorm is (Gudykunst, Yoon & Nishida 1987: 295-296). Met betrekking tot die vorming van vriendskappe in Japan ('n matige kollektivistiese kultuur), wys Cushman en King in Gudykunst en Ting-Toomey (1988:41) daarop dat Japannese twee soorte vriendskappe vorm, naamlik dié wat ontwikkel en in stand gehou word as gevolg van sosiale verpligting en dié wat ontwikkel as gevolg van weder-sydse geneentheid, aantrekking, belangstellings of gemeenskaplike waardes.

Die lede van kollektivistiese kulture plaas 'n hoë premie op die doelstellings, beskouings, sosiale norme en oortuigings van, en samewerking in die binnegroep. Hierdie kulture tref 'n skerper onderskeid tussen lede van

die binnegroep (bv. kollegas of klasmaats) en buitegroepe (bv. vreemdelinge). Dit wil voorkom of aspekte soos gemeenskaplike noodlotsituasies, bedreigings van buite en nabheid (wat dikwels verbind is met gemeenskaplike noodlot) belangrike bepalers is van die binnegroep/buitegroepprente (Triandis 1989: 509). Kollektiviste handhaaf ook 'n groter mate van stabilitet in hul binnegroepverhoudings as wat die geval by individualistiese kulture is (Triandis et al. 1988:334).

Die lede van individualistiese kulture beskik in die reël oor besonderse vaardighede om in en uit sosiale groepe te beweeg en openbaar dikwels positiewe houdings teenoor korttermynverhoudinge in relatief klein groepe. Kollektivistiese kulture, weer, gee die voorkeur aan langtermynverhoudings in groot groepe. In die Oos-Asiatiese lande, byvoorbeeld, vereis wedersydse afhanklikheid, soos voorgeskryf deur die Confuciaanse beginsel, dat die individu met relatief klein en heg saamgevlegde groepe oor 'n lang tydperk affilieer en identifiseer. Hierdie langtermynverhoudings "werk" omdat groeplede onder meer die oortuiging huldig dat hulle die een of ander tyd van die ander persone afhanklik sal wees (Yum 1988:379).

Kollektiviste beleef die binnegroep-verhoudings as besonder intiem en maak in só 'n konteks dikwels van linguistiese kodes gebruik wat verskil van dié wat aangewend word vir lede van buitegroepe. In hierdie verband

kan ook daarop gelet word dat in die Oos-Asiatiese tale daar onderskei word ooreenkomsdig die sosiale status, die graad van intimiteit, ouderdom, geslag en die vlak van formaliteit. Eweneens bestaan daar ook fyn uitgewerkte ere-linguistiese sisteme. Hierdie onderskeidings word in sowel verwysingsterme as werkwoorde, voornaamwoorde en naamwoorde gemanifesteer (Yum 1988: 382; vgl. ook Johnson 1985:122).

Wanneer kollektiviste ander persone vir die eerste keer ontmoet, is hulle, in teenstelling met individualistiese persone, geneig om op 'n betreklik formele, stroef en koue manier te kommunikeer. In die verband het die kollektivistiese georiënteerde studente op die kampus aangedui dat hulle dit veral moeilik vind om tydens eerste ontmoetings met vreemdelinge op 'n spontane en informele wyse op te tree. In Korea is die gevoel jeens vreemdelinge so sterk dat iemand wat 'n vreemdeling groet as koddig beleef word (Yum 1988:379). Namate kollektiviste egter meer te wete kom van die ander persoon en hom beter leer ken, raak die interaksie besonder effektiief (Triandis, Brislin & Hui 1988:276; Gudykunst, Yoon & Nishida 1987:296).

In individualistiese kulture word kompetisie dikwels met selfvertroue geassosieer en is dit op die meeste vlakke aanvaarbaar. In kollektivistiese kulture is dit nie die geval nie. Kollektiviste het wel 'n positiewe houding teenoor kompetisie tussen groepe, maar het 'n teensin in inter-

persoonlike kompetisie in hul groep. Die binnegroep kompeteer dus met buitegroepe, maar hier val die klem eerder op die deelname van mense as lede van die binnegroep as wat hulle in 'n persoonlike hoedanigheid kompeteer (Triandis, Brislin & Hui 1988:275; Triandis et al. 1988:335; Halpern & Kagan 1984:33).

Triandis, Brislin en Hui (1988:276) skryf dat sowel individualiste as kollektiviste 'n positiewe houding teenoor die idee van selfvertroue/ selfstandigheid het, maar dat die twee kulture ten opsigte van die betekenis wat daaraan geheg word, verskil. So word selfvertroue in individualistiese kulture geassosieer met onafhanklikheid, die geleentheid om jou eie ding te doen en kompetisie met ander persone. Hierteenoor beteken selfvertroue in kollektivistiese kulture om nie die lede van die binnegroep te belas nie.

## Waardes

In Schwartz en Bilsky (1987:551; 1990:878) se teorie oor 'n universele psigologiese struktuur van menslike waardes identifiseer hulle verskeie universele soorte waardes (ook genoem motiveringsvelde) wat onderskeidelik of individuele of kollektiewe belangte van albei bevorder. Onder die soorte waardes wat hoofsaaklik op die selfbelange van die individu betrekking het, ressorteer die volgende: hedonisme (bv. die najaag van plesier en geluk); prestasie (bv. persoonlike sukses en ambisie); selfgerigte denke en aksies (bv. kreati-

witeit en onafhanklikheid); sosiale mag (bv. status en beheer); stimulasie (bv. opwinding en uitdagings) (Schwartz & Bilsky 1987:551-552; 1990:879-880).

Kollektiefverwante waardes sluit onder meer die volgende in: pro-sosiale ingesteldhede [bv. sosiale regverdigheid en gelykheid (universele aspek) en hulpvaardigheid en vergewensgesindheid (interpersoonlike aspek)]; beperkende konformiteit (bv. gehoorsaamheid, selfdissipline en hoflikheid); sekuriteit (bv. veiligheid, harmonie en stabiliteit); tradisie (bv. respek en aanvaarding vir die gebruik en idees van die kultuur) (Schwartz & Bilsky 1987:552; 1990:879-880). In die kampusondersoek is gevind dat kollektivistiese georiënteerde studente in 'n groot mate positiewe assosiasies en respek het vir wat ook al in tradisie gewortel is.

Volvassenheid is 'n waarde wat op sowel individuele as kollektiewe belang van toepassing is. Dit dui op die waardering, begrip en aanvaarding van die self, ander persone en die omgewing (verdraagsaamheid, ruimdenkendheid, wysheid en volwasse liefde) (Schwartz & Bilsky 1987:353; 1990:879; vgl. ook Cha 1994:163).

Schwartz (1990:139, 151) wys daarop dat individualistiese en kollektivistiese kulture met betrekking tot die belangrikheid wat aan voorgenoemde soorte waardes toegeskryf word, kan verskil. Só kan persone in kollektivistiese kulture waarskynlik geneig wees

om voorkeur te verleen aan tradisie, beperkende konformiteit en die interpersoonlike komponent van prososiale waardes. Hierdie voorkeur hou waarskynlik daarmee verband dat sodanige waardes binnegroepverhoudings bevorder en wrywing en konflik met betrekking tot aanvaarbare gedragsnormes uit-skakel (Schwartz 1990:153). In aansluiting by hierdie beskouing oor lewenswaardes, stel Van der Walt (1993:13) dat die kernwaardes in die geval van Afrikakollektivisme onder meer verteenwoordig word deur aanpassing, inskakeling, tradisie en groepskakeling.

Volgens Schwartz (1990:153) kan individualiste moontlik 'n hoër premie plaas op die volgende waardes: self-direksie, stimulasie en die universele komponent van 'n pro-sosiale ingesteldheid (vgl. ook Martin, Hecht & Larkey 1994:237). Die rede hiervoor hou verband met die feit dat die nastreef van selfgerigte denke en handelinge in 'n bepaalde sin sentraal staan tot die bereiking van individuele uitmuntendheid en status, maar terselfdertyd ook teenkanting bied teen gevestigde, konsensuele gedragswyses. Die behoefte aan stimulasie weer, bevorder voortdurende verandering en vooruitgang en is direk in teenstelling met die tradisionele mens- en wêreldbeskouing wat die bewaring van tradisie voorstaan.

Verskille met betrekking tot die belangrikheid wat individualiste en kollektiviste aan waardes soos sekuriteit, prestasie en hedonisme

toeskryf, behoort, aldus Schwartz (1990:153), betreklik gering te wees. Wat dié situasie op dievlak van sekuriteitswaardes betref, kan 'n moontlike verklaring daarin lê dat albei die kulture sodanige waardes kan verbind met hul eie betekenisvolle groepe soos die gesin, die gemeenskap of die vriendekring. Op dievlak van prestasie is dit wel moontlik dat daar met betrekking tot die bron wat die standarde stel, bepaalde verskille kan bestaan. Vir die kollektivistieseoriënteerde persoon sal die binnegroep waarskynlik die norm wees, terwyl dit in die geval van 'n persoon met 'n individualistiese oriëntasie waarskynlik die self of die gemeenskap sal wees.

In die geval van hedonisme, behoort die goedkeuring of afkeuring vir die najaag van plesier, nie afhanglik te wees van die primêre groepe of die toegeskryfde sosiale verwagtinge nie (Schwartz 1990:154).

Ter ondersteuning van die voorgenoemde teoretiesgebaseerde bevindinge kan duidelikheidshalwe ook kortliks gelet word op enkele ander navorsingsgegewens.

Kollektiviste is besonder gesteld op die bewaring van interpersoonlike harmonie in die binnegroep (Triandis, Brislin & Hui 1988:276; Trubisky, Ting-Toomey & Lin 1991:69, 70; Ho & Chiu 1994:155; Yamaguchi 1994:179). Die redding van die aansien word hoog geag en verskille en misverstande word sover moontlik onduik. Die woord "nee", skryf

Hofstede (1991:58), word selde gebruik omdat dit 'n vorm van konfrontasie is wat as onwenslike gedrag beskou word. 'n Versoek word eerder van die hand gewys met die woorde: "Ons sal daaroor dink". Gedurende die UOVS-kampusondersoek is in een spesifieke klassituasie gevind dat elk van die eerste vyf studente aan wie individueel gevra is hoe die kommunikasiesituasie op die kampus verbeter kan word, geantwoord: "Ek dink nog". By verdere navraag het dit geblyk dat die motivering hiervoor daarin geleë was dat die studente: (1) ongelukkig was aangesien hulle nie vooraf ingelig was oor die aard van die struktuur wat die spesifieke kontaksessie sou aanneem nie; (2) versigtig was om antwoorde en opinies te verskaf wat moontlik nie korrek is nie en (3) skaam, selfbewus en onseker was in dié vreemde spraaksituasie.

Selfs die woord "ja" beteken nie noodwendig dat akkoord gegaan word nie. Dit kan gewoon 'n vorm van die handhawing van die kommunikasielyn wees. In Japan, byvoorbeeld, kan die woord "ja" beteken: "Ek het jou gehoor". Nietemin, openlike konfrontasie is in só 'n mate taboe dat daar soms van ongeoorloofde gedrag gebruik gemaak word om dit te voorkom (Triandis et al. 1988:325). Indien onenighede egter sodanig in intensiteit toeneem dat dit byvoorbeeld nie meer onderdruk kan word nie, kan 'n heftige stryd ontstaan wat verhoudinge meer kan verswak as wat die geval sou wees na 'n geskil tussen twee individualiste (Triandis, Brislin &

Hui 1988:276). In teenstelling met die kollektivistiese beskouing oor die implikasies van konfrontasie, is individualiste van mening dat konfrontasie wel voordele kan inhou. In die kampusondersoek is byvoorbeeld gevind dat individualistiese studente met verwysing na spesifiek die onderrigsituasie, 'n positiewe ingesteldheid het teenoor openlike konfrontasies. Dienaangaande het die individualistiese studente aangedui dat selfs wanneer hulle sterk van groeplede verskil, hulle nie pogings aanwend om 'n argument te ontwyk nie.

Kollektiviste is geneig om materiële en nie-materiële middelle met ander mense te deel. In Venda bestaan daar byvoorbeeld 'n spreekwoord wat lui dat kinders selfs die kop van 'n sprinikaan deel. In aansluiting by dié idee is op die kampus gevind dat die kollektivistiese studente sowel van hul besittings, byvoorbeeld 'n motor, as persoonlike idees en kennis met hulle ouers deel. Navorsingsgegewens toon dat in die geval van deelgebeure op die binnegroepvlak daar meer van die gelykheidsnorm, dit wil sê eerder die gelyke verdeling van middelle as 'n verdeling wat op billikhed of regverdigheid gebaseer is, gebruik gemaak word as wat die geval by individualistiese kulture is (Gudykunst & Nishida 1986:150; Yamagishi 1987:531-533; Reykowski 1994:278). Individualiste is geneig om van die standpunt uit te gaan dat verdeling op die basis van billikhed aan elkeen ooreenkomsdig sy bydrae tot die prestasie van die groep behoort te geskied. Uit die kwalitatiewe

ondersoek het dit dikwels blyk dat individualistiesgeoriënteerde studente groepwerk as 'n professionele vorm van "sosialeloodswaai" beskou waar onbillikheid die goue reël is. In die geval van kollektiviste, blyk dit dat as die verdelings buitegroepe behels, hulle net soveel of meer van die billikheidsnorm gebruik maak as lede van individualistiese kulture (Leung & Bond 1984:802-803; Gudykunst, Yoon & Nishida 1987:296).

In individualistiese kulture word status in 'n groot mate in terme van prestasies, sukses en dade omskryf. Hier teenoor word status in kollektivistiese kulture toegeskryf op grond van byvoorbeeld ouderdom, geslag, familie, geboorteplek, woonplek en name (Triandis, Brislin & Hui 1988:277). In die algemeen blyk dit dat kollektiviste besonder sensitief is vir die feit dat statuspersone respek verlang en dat probleme kan ontstaan as daar nie omgesien word na persone wat gesagsposisies beklee nie (Brislin 1994:82).

Vanweë die hoë waarde wat individualistiese samelewings op die individue eie, unieke idees plaas, is die uitvinding van nuwe produkte en die ontwerp van patente in dié samelewings in 'n groter mate aan die orde van die dag as in kollektivistiese samelewings. Aangesien kollektivistiese samelewings doeltreffend funksioneer in groepe en gewillig is om hul eie voorkeure ondergeskik te stel aan groepdoelstellings, is hulle moontlik meer daartoe in staat om nuwe produkte op die mark te plaas. Die klas-

sieke voorbeeld is die videokassetopnemer tegnologie. "Die uitvindings en die patente is Amerikaans; die produksie en bemarking is Japannees" (Brislin 1994:86).

In Westerse samelewings word ondernemers hoofsaaklik gemotiveer deur allerlei individueelgeoriënteerde prestasies wat byvoorbeeld die strewe na selfaktualisering bevredig. Konsepte soos "vrye wil" en "realisme" word beklemtoon as die hoofkomponente van "sukses", terwyl die aard van die prestasiemotivering, tipiese Westerse middelklas kulturele waardes en ethos weerspieël (Yu & Yang 1994:243-244; vgl. ook Earley 1989:578-579).

Dit is teen bogenoemde agtergrond dat talle navorsingsprojekte al ondernem is om vas te stel waarom kollektivistiesgeoriënteerde lande soos Taiwan, Hongkong, Korea, Singapore en Japan die afgelope tyd in so'n groot mate ekonomies ontwikkel het. Twee redes kan aangevoer word, naamlik (1) die belangrikheid van ekonomiese beleidsake en wetlike sisteme in hierdie samelewings, en (2) die invloed van sosiale strukture en kulturele waardes. Wat die invloed van sosiaalkulturele faktore betref, dui navorsing daarop dat die Confuciaanse etiek, wat die dominante waardesistuum in byvoorbeeld Japan, Korea en Taiwan is, en aan die hand waarvan die individu onder meer geleer word om kollektiewe welvaart hoër te ag as individuele welvaart, een van die hoofbepalers van die vinnige ekonomiese groei in hierdie

lande is (Hofstede 1991:166-170; Yu & Yang 1994:240). Hofheinz en Calder (in Yu & Yang 1994:240) stel met betrekking tot voorgenooemde dat Confucianisme groot waarde heg aan die welstand van 'n persoon se familie of stamgroep, die belangrikheid van kinders se opvoeding en prestasies beklemtoon, werksaamheid en spaarsaamheid aanmoedig, 'n gewilligheid toon om oopofferings te maak en die verantwoordelikheid inprent om plig te respekteer.

Gudykunst en Ting-Toomey (1988: 41) wys daarop dat mense in individualistiese kulture geneig is om universalisties te wees en dieselfde waardemaatstawwe op alle mense toe te pas. In teenstelling hiermee is mense in kollektivistiese kulture geneig om partikularisties te wees en gevvolglik verskillende waardemaatstawwe op lede van hulle binnegroepe en buitegroepe toe te pas. Die Oos-Asiatiese lande, byvoorbeeld, het uitgebreide sosiale interaksiepatrone ontwikkel vir boodskapontvangers waarvan die sosiale posisie en verhouding tot die mededeler bekend is, maar beskik oor geen universele patroon wat toegepas kan word met betrekking tot 'n persoon wat onbekend is nie (Yum 1988:378-379).

### **Gedrag en aktiwiteit**

In kollektivistiese kulture is gedrag in 'n groot mate 'n funksie van die norme en rolle wat bepaal word deur tradisie of die interaksie tussen die lede van die binnegroep (Triandis, Brislin & Hui 1988:273; vgl. ook

Davidson et al. 1976:2-12). Ten einde interafhanglikheid te kan beoefen en eensgesinde verhoudings in stand te hou, is 'n persoon se gewilligheid om in die uitkoms van die ander persoon se handelinge te deel en ook toe te laat dat die ander persoon in die uitkoms van sy eie gedrag deel 'n belangrike element in kollektivistiese gedrag.

Kollektiviste is geneig om hoë konsiderasies te gee aan die implikasies van hulle gedrag op die lede van hulle binnegroepe (vgl. Leung & Bond 1984:793; Triandis 1989:509). In aansluiting hierby kan gestel word dat vir die individualis die hoofbepaler van gedragsintensie die houding teenoor die gedrag kan wees, terwyl dit vir die kollektivis meer gaan oor die besef van verpligting. Hui (1988:27) wys daarop dat die aanname dat kollektiviste hul verpligte teenoor ander mense belangriker ag as hul eie gevoelens, deur navorsingsbevindinge ondersteun word.

In die praktyk blyk dit dat sowel die wyse waarop binnegroepe omskryf word as die mate waarin individue met die binnegroep identifiseer belangrike faktore is in die bepaling van die soort aktiwiteit wat in 'n kultuur plaasvind. In individualistiese kulture bestaan die neiging om die binnegroep te omskryf as "personne wat soos ek is ten opsigte van sosiale klas, ras, oortuigings, houdings en waardes" (Triandis et al. 1988:326). Die sosiale gedrag van lede van individualistiese kulture vind binne 'n groot verskeidenheid binnegroepe

plaas (bv. klubs en motorfietsbondes) en is normaalweg vrywillig van aard. Dit behels relatief min verbondenheid aan enige spesifieke binnegroep. Die individu het 'n groot aantal regte en min verpligte, maar die binnegroep voorsien dienooreenkomsdig ook min sekuriteit en oefen ook in 'n mindere mate invloed op die gedrag van die lede uit as wat die geval in kollektivistiese binnegroepe is. 'n Persoon wat nie 'n binnegroepslid is nie word nie noodwendig as 'n lid van 'n buitegroep beskou nie.

In kollektivistiese kulture word die omskrywing van die binnegroep in 'n mate bepaal deur die situasie waarin die binnegroep bestaan. Normaalweg vind die omskrywing plaas in terme van die individu se familie, vriende en persone wat betrokke is by sy welsyn. In dié gevalle word die individu se gedrag dus deur betreklik min binnegroepe bepaal. Trouens, 'n individu behoort dikwels aan slegs een binnegroep en beskou alle ander persone as lede van die buitegroep. Omstandighede kan egter daar toe aanleiding gee dat medestudente, mededorpsbewoners, politieke bondgenote, medestryders, medegodsdienstigers, die staat as dit bedreig word, of die land as 'n geheel (ten tye van oorlog) die relevante binnegroepe kan word vir bepaalde gedrag (vgl. Triandis et al. 1988:326; Triandis 1989:509).

Die sosiale gedrag in 'n binnegroep, byvoorbeeld deelname aan seremonies wat op die binnegroep betrekking het, is normaalweg intensief en be-

sonder assosiatief in die sin dat dit hulpgewend en ondersteunend van aard is. Trouens, die ondersteuningsstrukture wat kollektivistiese binnegroepe aan hulle lede bied, oefen 'n belangrike invloed uit op die daaglike lewe en wandel van die groep. Brislin (1994:85) wys byvoorbeeld op grond van sy eie ervaring daarop dat studente wat pas hulle kursusse voltooi het en vanuit kollektivistiese kulture kom (bv. Mexiko of Thailand) dit moeilik vind om te verstaan waarom Amerikaners so dikwels van mekaar wil weet hoe dit met hulle werksonderhoude gaan. Vir die kollektivistiesegeoriënteerde student wag daar by die ouerhuis 'n keuse tussen verskillende werksgeleenthede wat deur sy ooms gereël is.

Kollektiviste is gewillig om te veg en buitengewone opofferings te maak ter wille van die instandhouding van die integriteit van die binnegroep. In die verband is weliswaar ook op die UOVS-kampus bevind dat kollektivistiese studente aangedui het dat hulle bereid is om eiebelang prys te gee vir die voordeel van die binnegroep. Wanneer buitegroep egter betrokke is, ontstaan daar 'n aansienlike mate van wantroue en selfs vyandigheid (Triandis, Brislin & Hui 1988:277, 279; Triandis 1989:509; vgl. ook Han & Choe 1994:222).

Dit blyk uit talle navorsingsbevindinge (Triandis et al. 1986:258; Triandis et al. 1988:327) dat ekstreeme vorme van individualisme met allerlei aspekte van sosiaal patologiese gedrag verband hou, soos selfmoord, eg-

skeiding, emosionele spanning, liggaamlike siektetoestande en geestesversteurings. Een van die redes hiervoor hou waarskynlik verband met die feit dat lae vlakke van sosiale ondersteuning 'n mens meer vatbaar maak vir genoemde vorme van disfunksionele gedrag. Verskeie navorsingsbevindinge toon onder meer dat hoë vlakke van sosiale ondersteuning waarskynlik 'n persoon se gesondheidstoestand positief beïnvloed en hom byvoorbeeld daartoe in staat stel om onder ongunstige omstandighede met 'n taak te volhard. Kollektivisme het blykbaar die beklemtoning van kollektiewe hantering tot gevolg wat dit vir die individu makliker maak om opgewasse te wees teen onaangename lewensgebeure (Triandis et al. 1988:327-328; vgl. ook Johnson 1985:120-121).

In hierdie verband is dit interessant om daarop te let dat Sinha en Verma (1994:273-275) bevind het dat dit eerder die sosiale ondersteuning is wat 'n persoon ontvang as die algemene kollektivistiese oriëntasie wat verantwoordelik is vir psigologiese welsyn.

Die grootste nadeel van kollektivistiese gedrag lê waarskynlik op die terrein van die politiek. Volgens Triandis et al. (1988:329) is kollektiviste wat die familie as die hoofkollektief beskou, geneig tot handelinge wat eerder die familie as die breë openbare belang bevoordeel. Diegene wat die mag besit, handel meestal in hul eie en hul binnegroep se belang en

verontagsaam dikwels die openbare belang. Yamaguchi (1994:187) wys daarop dat politici wat voorkeur gee aan die kollektiewe self bo die openbare self leuens kan vertel ter wille van die party of ander belanggroepes.

Wat gedragspatrone betref, kan in die laaste plek interessantheidshalwe daarop gelet word dat individualistiese en kollektivistiese pasiënte in 'n hospitaal in 'n mate geïdentifiseer kan word op grond van die hoeveelheid besoekers wat hulle ontvang. In dié verband spreek dit vanself dat individualiste, op grond daarvan dat hulle ietwat afsydig staan teenoor hulle binnegroepes, minder hospitaalbesoekers ontvang as wat die geval by kollektiviste is (Triandis, Brislin & Hui 1988:274).

## **IMPLIKASIES VIR MONDELINGE ONDERRIGKOMMUNIKASIE**

### **Inleiding**

Op grond van sowel die teoretiese uitgangspunte wat in die voorgaande bespreking gestel is en verbandhoudende resente navorsingsgegewens as die bevindinge wat uit die onderhawige navorsing aan die lig gekom het, word in die hieropvolgende bespreking oorsigtelik aandag geskenk aan enkele implikasies wat die individualisme-kollektivismedimensie van kulturele variasie vir die mondelinge aspek van onderrigkommunikasie het. Om praktiese redes

word slegs enkele oriënterende uitgangspunte gestel ten opsigte van: (1) die invloed van die individualisme-kollektivisme-dimensie op interpersoonlike kommunikasie in die algemeen en (2) die spesifieke eise en uitdagings wat bepaalde kollektivistiese aspekte van individualisme-kollektivisme as kulturele dimensie in 'n onderrigkonteks aan boodskapverkeer stel. As motivering hiervoor geld die uitgangspunt dat die eise wat individualismegeoriënteerde kommunikasiestyle en -patrone aan mondelinge onderrigkommunikasie stel, reeds in die meeste Suid-Afrikaanse onderrigsituasies verreken word.

## Interpersoonlike kommunikasie

Ondanks daarvan dat kultuur slegs een van talle faktore is wat 'n invloed op kommunikasie uitoefen en kommunikasie slegs een van die manifestasies van kultuur is, is daar, in aansluiting by die beskouing van byvoorbeeld Hecht, Ribeau en Alberts (1989:386), in die onderhawige navorsing gevind dat die wisselwerking tussen die twee verskynsels 'n noemenswaardige invloed op die verhouding tussen kultuurgroepe uitoefen. In die verband dui die navorsing weliswaar daarop dat kommunikasie varieer as 'n funksie van die tipe verhouding waarin die kommunikasiegenote betrokke is. Uit die onderhawige UOVS-ondersoek het dit telkens aan die lig gekom dat die aard van klaskamerverhoudinge, enersyds tussen studente, en andersyds tussen studente en dosente, in 'n

groot mate bepaal word deur die eise wat bepaalde kulturele oriëntasies stel. Hieruit blyk dus dat individualistiese en kollektivistiese kulture verskillende patronen van interpersoonlike verhoudinge en kommunikasie te voorskyn bring. Wat die kommunikasie-aspek betref, blyk dit uit die vermelde ondersoek dat individualistiesegeoriënteerde studente onder meer geneig is om te respondeer op algemene vrae wat deur die dosente gestel word, terwyl dit by kollektivistiese studente duidelik nie die geval is nie.

Dit blyk dat hoe groter die graad van kollektivisme in 'n kultuur is, hoe meer vind verpersoonlikte en gesynchroniseerde kommunikasie plaas. Gudykunst, Yoon en Nishida (1987:300-302) het byvoorbeeld met betrekking tot binnegroepverhoudinge in die VSA, Japan en Korea bevind dat die minste verpersoonliking en sinchronisering in die VSA plaasgevind het, terwyl die meeste in Korea plaasgevind het, met Japan tussen die twee. Hierdie tendens geld vir sover dit verpersoonlikte kommunikasie betref ook vir buitegroepverhoudinge. Die rede hiervoor hou waarskynlik verband met die feit dat die graad waartoe kollektiviste persoonlike inligting aan individue van buitegroepse onthul deur die kommunikasiessituasie bepaal word, terwyl die hoeveelheid persoonlike inligting wat deur lede van individualistiese kulture onthul word eerder 'n funksie van die individue is wat betrokke is en hulle begeerte om mekaar beter te

leer ken as wat situasionele vereistes 'n rol speel.

Trubisky, Ting-Toomey en Lin (1991:68) stel, met verwysing na navorsingsbevindinge, dat die individualisme-kollektivisme-dimensie van kultuur 'n beduidende invloed op kommunikasiestyle uitoefen. Individualistiese kulture is byvoorbeeld geneig om eksplisiete en direkte verbale interaksie, individuele selfstandige oriëntasie, en lineêre logiese patronen te beklemtoon. Hier teenoor is kollektivistiese kulture geneig om implisiete en indirekte verbale interaksie, groeporiëntasie, en spiraalvormige logiese patronen te beklemtoon. Wat die hantering van konfliksituasies betref, is individualistiese kulture geneig om van aktiewe konfronterende strategieë gebruik te maak, terwyl kollektivistiese kulture geneig is om voorkeur te gee aan passiewe akkommoderende kommunikasiestrategieë. Wat laasgenoemde ten-

dens betrek, het Trubisky, Ting-Toomey en Lin (1991:77) in hulle eie navorsing bevind dat persone in kollektivistiese kulture geneig is om in 'n groter mate van 'n tegemoetkomende en 'n vermydende kommunikasiestyl gebruik te maak as wat die geval by persone in individualistiese kulture is.

Op die vlak van verskille tussen die kommunikasiepatrone van kollektivistiese en individualistiese kulture tref Yum (1988:381) die volgende vergelyking tussen die Oos-Asiatiese (Japan, China en Korea) en die Noord-Amerikaanse oriëntasies.

Hoewel bogenoemde vergelyking 'n ietwat simplistiese benadering tot kommunikasie veronderstel, gee dit nietermin 'n aanduiding van enkele basiese verskille met betrekking tot die onderskeie kommunikasiestyle van die twee oriëntasies.

## OOS-ASIATIESE ORIËNTASIE

- Kommunikasie word beskou as 'n proses van oneindige interpretasie.
- Verskillende linguistiese kodes word gebruik afhangende van die situasie en die persone wat betrokke is.
- Die gebruik van indirekte kommunikasie het voorrang en word as normatief aanvaar.
- Betekenis is in die interpretasie van die boodskap geleë. Die klem val op luister, sensitiwiteit en uitskakeling van vooroordele.

## NOORD-MERIKAANSE ORIËNTASIE

- Kommunikasie word beskou as die oordrag van boodskappe.
- Linguistiese kodes word nie so omvattend gedifferensieer nie.
- Direkte kommunikasie is 'n norm afgesien van die uitgebreide gebruik van indirekte kommunikasie.
- Betekenis is in die boodskap wat deur die mededeler geskep word geleë. Die klem val op hoe om die beste boodskap te formuleer en hoe om mededeler-geloofwaardigheid en aanbiedingsvaardighede te verbeter.

## **Die lesinglokaal as kommunikasiekonteks: 'n aanduiding van enkele verwagtinge van kollektivistiesgeoriënteerde studente**

- Studente vind meer bevrediging as daar vir 'n kollektiewe doel gewerk word as wanneer individueel vir eie belang gewerk word. In die verband gee studente voorkeur aan groepwerk by die uitvoering van werkopdragte. As motivering word aangevoer dat daar deur middel van groepwerk 'n hoër kwaliteit van werk gelewer kan word en 'n duideliker begrip van leerinhoud gevorm kan word, terwyl kommunikatiewe interaksie verhoog word. Hierbenewens het hulle, in skerp teenstelling met die individualistiese studente se standpunt, ook aangedui dat medestudente se insette onontbeerlik is ten einde goeie akademiese resultate te behaal.
- Persone met 'n sterk kollektivistiese oriëntasie verkies die gelykheidsbeginsel bo die regverdigheidsbeginsel met betrekking tot die verspreiding van die resultate van groepwerk. In hierdie opsig bestaan daar blykbaar ook 'n verband tussen individue se kollektivistiese ingesteldheid en interpersoonlike verhoudings in 'n groep. So dui navorsingsgegewens byvoorbeeld daarop dat Japannese kollektivistiese vrouestudente van oortuiging is dat hulle makliker met 'n medestudent wat in 'n toets 'n gemiddelde punt behaal oor die weg sal kom as met een wat die hoogste punt behaal (Yamaguchi 1994:186).
- Studente voel in die reël ongemaklik in kompetenterende en konfliksituasies. In die UOVS-ondersoek is bevind dat selfs wanneer studente in groepsverband van mekaar verskil hulle daartoe geneig is om argumentering te vermy.
- Studente is dikwels geneig om van indirekte verbale en nie-verbale kommunikasie gebruik te maak. Hierdie verskynsel bemoeilik uiteraard die vergemeenskapliking van betekenis in 'n onderrigsituasie.
- 'n Kollektivis se interaksie is normaalweg tydens eerste ontmoetings streng formeel, maar kan namate hy/sy die ander persoon beter leer ken en daar 'n vertrouensverhouding gevestig word, besonder spontaan raak.
- Studente wend nie noodwendig dieselfde kommunikasiekodes in onderskeidelik binne- en buitengroepe aan nie. Op die verbalevlak word byvoorbeeld soms van spesiale woorde gebruik gemaak wat slegs deur lede van die binnegroep vertolk kan word. Wat nie-verbale kommunikasie betref, beskik hulle oor 'n besondere

komplekse sisteem wat onder meer in allerlei gedragsvorme manifesteer. Hierdie toedrag van sake kan daartoe bydra dat lede van buitegroepe in 'n mate nie deel vorm van die onderrigkomunikasiegebeure nie.

- Studente het aangetoon dat hulle verkies om eerder in klein groepe as in groot groepe te kommunikeer.
- Studente het 'n sterk verwagting uitgespreek dat harmonie in leer-situasies gehandhaaf moet word. Groepsharmonie kan in so 'n mate belangrik wees dat daar van groepelde verwag word om hul verbalisering van opinies en hul nie-verbale uitdrukking van emosies te reguleer ten einde nie die medegroepelde ongelukkig te stem nie. Besondere knap studente kan byvoorbeeld bly op grond van hul prestasies (wat onder meer nie met die gelykheidsbeginsel strook nie) die groepsharmonie in 'n klas versteur. Met betrekking tot hierdie verskynsel het dit uit sowel die kwantitatiewe as kwalitatiewe gegewens duidelik gevlyk dat studente van mening is dat die feit dat ander studente beter presteer, hinderlik inwerk op hulle leerervaring.
- Nie die dosent of die student behoort ooit in 'n onderrigsituasie te beland waar hy/sy aansien of gesag verloor of in die agting van ander daal nie. Studente is van mening dat alle vorme van verbale konfrontasie in die privaatheid van 'n dosent se kantoor moet geskied.
- Daar bestaan 'n noue verband tussen studente se akademiese aktiwiteite en hulle verpligte met betrekking tot die binnegroep. 'n Student kan byvoorbeeld deelname aan 'n seremonie of die omsien na die belang van 'n familielid belangriker ag as klasbywoning of die skryf van 'n toets.
- Aangesien die studente geneig is om met die wens van die meerderheid te konformeer, is hulle huiwerig om 'n opinie te gee as hulle nie weet wat die opinie van die ander groepelde is nie. 'n Eie unieke opinie kan gewoon 'n verleentheid skep.
- Die meeste van die studente het versoek dat dosente 'n groter mate van vriendelikheid, spontaneiteit, humorsin, selfvertroue en veral geduld in die klaskamer-situasie aan die dag moet lê.
- Talle studente het aangedui dat die luidheidsvlak van die meeste dosente te laag is. Faktore wat daartoe bydra dat dosente harder moet praat behels byvoorbeeld die verskynsel dat studente tydens die aanbieding van lesings ondermekaar gesels en die feit dat laatkommers steurend inwerk

op die doeltreffendheid van kommunikasiegebeure.

- Dosente moet 'n daadwerklike poging aanwend om 'n kommunikasieklimaat te skep waarin vrymoedigheid, menslikheid, weder-sydse respekte en toeganklikheid kan gedy.

## SAMEVATTING EN 'N AAN- DUIDING VAN DIE PAD VO- RENTOE

Benewens 'n begrip van die talle ooreenkomsste wat tussen kulture bestaan, is 'n begrip van sowel die kulturele verskille wat verband hou met die mate waarin kulture verskilende oriëntasies ten opsigte van die individualisme-kollektivisme-dimensie van kulturele verskeidenheid het, as die vergesellende kommunikasiever-skille, 'n noodsaklike voorvereiste vir die daarstelling van 'n werkbare interkulturele onderrigkommunikasie-plan. Met die inligting wat in die onderhawige studie aan die lig gekom het as basiese vertrekpunt, behoort met behulp van 'n multimetodebenadering verdere ondersoek ingestel te word na die eise wat sowel die individualisme-kollektivisme-dimensie as ander relevante dimensies van kultuur aan onderrigkommunikasie stel. Die bevindinge van sodanige dieptestudie kan dan aangewend word vir die daarstelling van 'n omvattende kommunikasieplan waarin onder meer die eiesoortige eise wat die kulturele variasiesituasie stel, verreken word. Só 'n plan of benadering-

swyse kan uiteraard nie alle kultuurafhanklike kommunikasiehindernisse uit die weg ruim nie, maar kan minstens 'n reusebydrae lewer tot die hantering van die fundamentele verskille wat betekenisdeling in die onderrigsituasie in die wiele ry.

Die toekomstige ontwikkeling van die individualisme-kollektivisme-dimensie van kulturele variasie in Suid-Afrika kan, soos oral in die wêreld die geval is, nie langs eenvoudige weë voor-spel word nie. Dit is moontlik dat verandering in kulturele oriëntasies kan plaasvind as gevolg van blootstelling aan die effekte van die massamedia, migrasie en verandering in toestande op die vlak van byvoorbeeld onderwys. Heelwat navorsing is al in hierdie verband in ander lande gedoen. In byvoorbeeld 'n ondersoek in Indië het dit aan die lig gekom dat volwassenes hulself geneig gevoel het tot allosentrisme, terwyl studente op meestersvlak hulself as idiosentries waargeneem het. In die verband moet waarskynlik in ag geneem word dat meestersvlak studente in Indië deur middel van Westerse literatuur onderrig word, terwyl hulle ook blootgestel word aan massamedia waarin bekoorlike voorstellings van 'n individualistiese lewenstyl aangebied word (Sinha & Verma 1994:273). Wat die invloed van hoër onderwys betref, het Mishra (1994:236) in Indië bevind dat in teenstelling met die geval in stedelike gebiede, persone in landelike gebiede kollektivisties bly ondanks hoër onderwys. Hierteenoor is persone wat minder aan onderwys blootgestel word, geneig om 'n

kollektivistiese oriëntasie te behou afgesien daarvan of hulle 'n platte-landse of 'n stedelike agtergrond het. Korea is ondanks die verswakking wat daar gedurende veral die afgelope honderd jaar in sy kollektivistiese oriëntasie ingetree het, nog steeds een van die wêreld se mees kollektivistiese kulture met betrekking tot die aanvaarding van binnegroeperpligtinge en die begunstiging van, en gunsbetoning aan binnegroepe (Cha 1994:171-173). Vanuit 'n ander hoek beskou, dui navorsing daarop dat Koreaanse studente wat tussen twee en agt jaar in Duitsland gestudeer en gewoon het, betekenisvol minder kollektivisties geword het as die studente wat minder as een jaar in Duitsland woonagtig was (Bierbrauer et al. 1994:195-196). Indien daar, aldus Reykowski (1994:277), gelet word op die dramatiese verandering wat op onder meer ekonomiese en sosio-politiesevlak sedert veral 1989 in Oos- en Sentraal-Europa plaasgevind het, blyk dit dat die opvallendste kenmerk die wegbeweging van 'n kollektivistiese na 'n individualistiese oriëntasie is. In Pole, byvoorbeeld, was die samelewings voorheen beskou as 'n harmoniese geheel waarin van elke individu verwag was om na die staat as 'n morele noodsaklikheid om te sien. Die staat, weer, was verplig om toe te sien dat die wettige behoeftes van elke lid van die samelewings beoorlik bevredig word met betrekking tot byvoorbeeld volle werkverskaffing, vry onderwys, vry gesondheidsorg, goedkoop behuising, goedkoop of vry vakansie en selfs lei-

ding ten opsigte van die morele houding en ideologiese korrektheid van al die lede van die samelewing (Reykowski 1994:276). Aangesien die staat se vermoë om in al hierdie behoeftes te voorsien afgeneem het, het daar ondertussen 'n sterk neiging in die rigting van die privatisering van fabrieke, onderwys, gesondheidsdienste, massamedia en kulturele instellings ontstaan.

Dit wil voorkom of die reoriëntasie tot individualisme wat in Pole waargeneem word, die resultaat van 'n verandering in onderwysstrukture, sosiale impak en die inwoners se ervaring van die kollektivistiese staat se tekortkominge is. Sonder om na politieke en ekonomiese aspekte te verwys, skryf Reykowski (1994:291), met verwysing na resente navorsingsgegewens op die vlak van die Poolse individualisme-kollektivisme-situasie, dat daar drie weë vir verdere transformasie moontlik is. Hierdie drie weë, wat ook in terme van die Suid-Afrikaanse kultuurwerklikheid bedink kan word, behels die volgende:

- (1) Daar kan 'n uitbreiding van individualisme en 'n ontwikkeling van sosiale instellings wat op individualistiese aannames gebaseer is, plaasvind. Sinvolle redes sou aangevoer kon word waarom só 'n tendens uiteindelik ook in 'n meerder of mindere mate in Suid-Afrika moontlik is. Die privatisering van die onderwys sou byvoorbeeld só 'n moontlikheid ten goede kom.

(2) 'n Gedeeltelike herlewing van kollektivistiese sentimente kan plaasvind. As motivering vir só 'n rigting van verandering geld die feit dat talie groot sosiale groepe in Pole nog steeds kollektivistiese oortuigings huldig en nie werklik die idee van 'n samelewing wat bestaan uit vry, onafhanklike en selfonderhoudbende individue ten volle aanvaar nie. In dié lig en vanweë byvoorbeeld die spesifieke bevolkingsamestelling in Suid-Afrika en die invloed wat verafrikanisering uitoefen en toenemend gaan uitoefen, lê die verdere ontwikkeling van die individualisme-kollektivisme-dimensie van kultuur hier te lande waarskynlik in die rigting van die eskalasie van kollektivisme.

(3) 'n Oriëntasie wat, op die keper beskou, nóg individualisties nóg kollektivisties van aard is, kan te voorskyn tree. Dit kan moontlik ontwikkel as 'n uitvloeisel van individuasie en, terselfdertyd, as 'n gevolg van die vorming van 'n konsep van interafhanklikheid tussen mense (Reykowski 1994:291-292). Of só 'n oriëntasie, waarin sowel individualisme as kollektivisme getransendeer word, in Suid-Afrika gaan ontwikkel, sal die tyd wel leer.

Ondertussen is dit van oorlewingsbelang dat alle onderwysers en dosente in Suid-Afrika wetenskaplik onderrig word met betrekking tot die eiesoortige eise wat sowel die individualisme-kollektivisme-dimensie

as al die ander dimensies van kulturele variasie aan die mededeling en vertolking van boodskappe stel. Indien dit om die een of ander rede nie gebeur nie, sal daardie professie waarin 'n mens met sy medemens bemoeienis maak om hom heen te lei na volwassenheid, vakwetenskaplik te onderrig of gewoon voor te berei vir die hantering van die eise van die wêreld daarbuite, in 'n nagmerrie ontaard indien dit nie alreeds die geval is nie.

## VERWYSINGS

- ANDERSEN, P. 1994. Explaining intercultural differences in nonverbal communication. In: Samovar & Porter 1994: 229-239.
- ASANTE, M.K. & GUDYKUNST, W.B. (Eds) 1989. *Handbook of international and intercultural communication*. London: Sage.
- AUNE, R.K. & WATERS, L.L. 1994. Cultural differences in deception: motivations to deceive in Samoans and North Americans. *International Journal of Intercultural Relations* 18(2):159-172.
- BEATTIE, J. 1980. Review article: representations of the self in traditional Africa. *Africa* 50(3):313-320.

- BELLAH, R.N., MADSEN, R., Sullivan, W.M., SWINDLER, A. & TIPTON, S.M. 1985. *Habits of the heart: Individualism and commit-*

- ment in American life.* Berkeley: University of California Press.
- BHAWUK, D.P.S. & Brislin, R. 1992. The measurement of intercultural sensitivity using the concepts of individualism and collectivism. *International Journal of Intercultural Relations* 16(4):413-436.
- BIERBRAUER, G., MEYER, H. & WOLFRADT, U. 1994. Measurement of normative and evaluative aspects in individualistic and collectivistic orientations: the cultural orientation scale (COS). In: Kim et al. 1994:189-199.
- BOLDT, E. 1978. Structural tightness and cross-cultural research. *Journal of Cross-Cultural Psychology* 9:151-165.
- BOND, M.H. 1993. Emotions and their expression in Chinese culture. *Journal of Nonverbal Behavior* 17(4):245-262.
- BOND, M.H. 1994. Into the heart of collectivism: a personal and scientific journey. In: Kim et al. 1994:66-76.
- BRISLIN, R.W. 1994. Working cooperatively with people from different cultures. In: Brislin & Yoshida 1994:17-20.
- BRISLIN, R.W. & YOSHIDA, T. (Eds) 1994. *Improving intercultural interactions: Modules for cross-cultural training programs.* London: Sage.
- CHAN, J-H. 1994. Aspects of individualism and collectivism in Korea. In: Kim et al. 1994:157-174.
- CHAN, D.K-S. 1994. Colindex: a refinement of three collectivism measures. In: Kim et al. 1994:200-210.
- COLE, M. & BRUNER, J.S. 1971. Cultural differences and inferences about the psychological processes. *American Psychologist* 26:867-876.
- DAVIDSON, A.R., JACCARD, J.J., TRIANDIS, H.C., MORALES, M.L. & DIAZ-GEURRERO, R. 1976. Cross-cultural model testing: Toward a solution of the etic-emic dilemma. *International Journal of Psychology* 11:1-13.
- DIERKS, F. 1983. Communication and world-view. *Missionalia* 11(2):42-56.
- EARLEY, P.C. 1989. Social loafing and collectivism: a comparison of the United States and the People's Republic of China. *Administrative Science Quarterly* 34:565-581.
- EARLEY, P.C. 1994. Self or group? Cultural effects of training on self-efficacy and performance. *Administrative Science Quarterly* 39:89-117.

- FAUCHEUX, C., AMADO, G. & LAURENT, A. 1982. Organizational development and change. *Annual Review of Psychology* 33:343-370.
- GOODMAN, N.R. 1994. Cross-cultural training for the global executive. In: Brislin & Yoshida 1994:34-50.
- GOODMAN, N.R. 1994. Intercultural education at the university level: teacher-student interaction. In: Brislin & Yoshida 1994:129-147.
- GUDYKUNST, W.B., MATSUMOTO, Y., TING-TOOMEY, S., NISHIDA, T., KIM, K. & HEYMAN, S. 1996. The influence of cultural individualism-collectivism, self construals, and individual values on communication styles across cultures. *Human Communication Research* 22(4):510-543.
- GUDYKUNST, W.B. & NISHIDA, T. 1986. The influence of cultural variability on perceptions of communication behavior associated with relationship terms. *Human Communication Research* 13(2):147-166.
- GUDYKUNST, W.B. & TING-TOOMEY, S. 1988. *Culture and Interpersonal Communication*. Newbury Park: Sage.
- GUDYKUNST, W.B., YOON, Y. & NISHIDA, T. 1987. The influences of individualism-collectivism on perceptions of communication in ingroup and outgroup relation- ships. *Communication Monographs* 54(3):295-306.
- HALPERN, D.F. & KAGAN, S. 1984. Sex, age, and cultural differences in individualism. *The Journal of Genetic Psychology* 145:23-35.
- HAN, G. & CHOE, S-M. 1994. Effects of family, region, and school network ties on interpersonal intentions and the analysis of network activities in Korea. In: Kim et al. 1994:213-224.
- HAN, S.P. & SHAVITT, S. 1994. Persuasion and culture: advertising appeals in individualistic and collectivistic societies. *Journal of Experimental Social Psychology* 30:326-350.
- HECHT, M.L., ANDERSEN, P.A. & RIBEAU, S.A. 1989. The cultural dimensions of nonverbal communication. In: Asante & Gudykunst 1989:163-185.
- HECHT, M.L., RIBEAU, S. & ALBERTS, J.K. 1989. An Afro-American perspective on interethnic communication. *Communication Monographs* 56:385-410.
- HECHT, M.L., RIBEAU, S. & SEDANO, M.V. 1990. A Mexican-American perspective on interethnic communication. *International Journal of Intercultural Relations* 14:31-55.

- HO, D. Y-F & CHIU, C-Y. 1994. Component ideas of individualism, collectivism, and social organization: an application in the study of Chinese culture. In: Kim et al. 1994:137-156.
- HOFSTEDE, G. 1980. *Culture's consequences: international differences in work-related values*. Beverly Hills, CA: Sage.
- HOFSTEDE, G. 1983. National cultures revisited. *Journal of Behavior Science Research* 18(4):285-305.
- HOFSTEDE, G. 1986. Cultural differences in teaching and learning. *International Journal of Intercultural Relations* 10:301-320.
- HOFSTEDE, G. 1991. *Cultures and organizations: software of the mind*. London: McGraw-Hill.
- HOFSTEDE, G. & BOND, M. 1984. Hofstede's culture dimensions: an independent validation using Rokeach's value survey. *Journal of Cross-Cultural Psychology* 15:417-433.
- HSU, F.L.K. 1985. The self in cross-cultural perspective. In: Marsella, DeVos & Hsu 1985:24-55.
- HUI, C.H. 1988. Measurement of individualism-collectivism. *Journal of Research in Personality* 22:17-36.
- JOHNSON, F. 1985. The Western concept of self. In: Marsella, DeVos & Hsu 1985:91-138.
- KAGITÇIBASI, Ç. 1987. Individual and group loyalties: are they compatible? In: Kagitçibasi 1987:94-104.
- KAGITÇIBASI, Ç. (Ed.) 1987. *Growth and progress in cross-cultural psychology*. Lisse, Netherlands: Swets & Zeitlinger.
- KAGITÇIBASI, Ç. 1994. A critical appraisal of individualism and collectivism: toward a new formulation. In: Kim et al. 1994:52-65.
- KIM, U. 1994. Individualism and collectivism: conceptual clarification and elaboration. In: Kim et al. 1994:26-40.
- KIM, U., Triandis, H.C., Kagitçibasi, Ç., Choi, S-C. & Yoon, G. (Eds) 1994. *Individualism and collectivism: theory, method, and applications*. London:Sage.
- KLUCKHOHN, F. & STRODTBECK, F. 1961. *Variations in value orientations*. New York: Row, Peterson.
- KORSTEN, F.F. 1974. The influence of culture and sex on the perception of persons. *The International Journal of Psychology* 9(1):32-44.
- KRUGER, W.J. 1990. Intercultural communication in the Eastern

- Cape: Similarity versus variety. *Communicare* 9(2):22-31.
- KUHN, M.H. & MCPARTLAND, T. 1954. An empirical investigation of self-attitudes. *American Sociological Review* 19:58-76.
- LEUNG, K. & BOND, M.H. 1984. The impact of cultural collectivism on reward allocation. *The Journal of Personality and Social Psychology* 47(4):793-804.
- LIEH-MAK, F., LEE, P.W.H. & LUK, S.L. 1984. Problems encountered in teaching Chinese parents to be behavior therapists. *Psychologia* 27:56-64.
- LUKES, S. 1973. *Individualism*. Oxford: Basil Blackwell.
- MARKUS, H.R. & KITAYAMA, S. 1991. Culture and the self: implications for cognition, emotion, and motivation. *Psychological Review* 98(2):224-253.
- MARSELLA, A.J. 1985. Culture, self, and mental disorder. In: Marsella, DeVos & Hsu 1985:281-307.
- MARSELLA, A.J., DEVOS, G. & HSU, F.L.K. (Eds) 1985. *Culture and self: Asian and Western perspectives*. New York: Tavistock Publications.
- MARTIN, J.N., HECHT, M.L. & LARKEY, L.K. 1994. Conversational improvement strategies for inter-ethnic communication: African American and European American perspectives. *Communication Monographs* 61:236-253.
- MBITI, J.S. 1970. *African religions and philosophy*. London: Heinemann.
- MILLER, K.I. 1988. Cultural and role-based predictors of organizational participation and allocation preferences. *Communication Research* 15(6):699-725.
- MISHRA, R.C. 1994 Individualist and collectivist orientations: across generations. In: Kim et al. 1994:225-238.
- MOERAN, B. 1984. Individual, group and Seishin: Japan's internal cultural debate. *Man The Journal of the Royal Anthropological Institute* 19(2):252-266.
- MULLAVY-O'BRYNNE, C. 1994. Intercultural interactions in welfare work. In: Brislin & Yoshida 1994:197-212.
- PARSONS, T. 1951. *The social system*. London: Routledge & Kegan Paul.
- PETERS, J.D. 1989. John Locke, the individual, and the origin of communication. *Quarterly Journal of Speech* 75(4):387-399.

- REYKOWSKI, J. 1994. Collectivism and individualism as dimensions of social change. In: Kim et al. 1994:276-292.
- ROBINS, E.M. & FOSTER, D. 1994. Social identity versus personal identity: an investigation into the interaction of group and personal status with collective self-esteem on ingroup favouritism. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Sielkunde* 24(3):115-121.
- SAMOVAR, L.A. & PORTER, R.E. 1994. *Intercultural Communication: A Reader*. Belmont, California: Wadsworth.
- SCHWARTZ, S.H. 1990. Individualism-collectivism: critique and proposed refinements. *The Journal of Cross-Cultural Psychology* 21(2):139-157.
- SCHWARTZ, S.H. 1994. Beyond individualism/collectivism: new cultural dimensions of values. In: Kim et al. 1994:85-122.
- SCHWARTZ, S.H. & BILSKY, W. 1987. Toward a universal psychological structure of human values. *Journal of Personality and Social Psychology* 53(3):550-562.
- SCHWARTZ, S.H. & BILSKY, W. 1990. Toward a theory of the universal content and structure of values: extensions and cross-cultural replications. *Journal of Personality and Social Psychology* 58:878-891.
- SINGELIS, T. 1994. Nonverbal communication in intercultural interactions. In: Brislin & Yoshida 1994:268-286.
- SINGELIS, T.M. 1995. Culture, self, and collectivist communication: linking culture to individual behavior. *Human Communication Research* 21(3):354-389.
- SINHA, D. & TRIPATHI, R.C. 1994. Individualism in a collectivist culture: a case of coexistence of opposites. In: Kim et al. 1994:123-136.
- SINHA, J.B.P. & VERMA, J. 1994. Social support as a moderator of the relationship between allocentrism and psychological well-being. In: Kim et al. 1994:267-275.
- STEERS, R.M. 1977. Individual difference in participative decision-making. *Human Relations* 30(9):837-847.
- STEYN, M. 1994. A perspective on reconstructing our troubled communities: intercultural communication and African worldview. *Communitas* 1:15-31.
- TERBLANCHE, F.H. 1994. Die aard en gemeenskapskulturele dimensie van nie-verbale boodskapverkeer met spesifieke verwysing na emblematische gedrag. *Communitas* 1:32-54.

- TERBLANCHE, F.H. 1995. Physical appearance and the sharing of meaning in communities: points of departure for research questions. *Communitas* 2:46-57.
- TERBLANCHE, F.H. & BEUNINK, J. 1996. 'n Ondersoek na die kommunikasie-implikasies van die dimensies van kulturele variasie op die UOVS-kampus: Individualisme-kollektivisme, onsekerheidsvermyding en nabijheidsgedrag. Ongepubliseerde navorsingsprojek. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
- THOMPSON, C.J., LOCANDER, W.B. & POLLIO, H.R. 1989. Putting consumer experience back into consumer research: the philosophy and method of existential-phenomenology. *Journal of Consumer Research* 16:133-145.
- TOMASELLI, K.G. 1992. The role of the media in promoting intercultural communication in South Africa. *Communicatio* 18(1):60-68.
- TOMASELLI, K.G. 1995. The Marxist legacy in media and cultural studies: implications for Africa. *Africa Media Review* 9(3):1-31.
- TRAFIMOW, D., TRIANDIS, H.C. & GOTO, S.G. 1991. Some tests of the distinction between the private self and the collective self. *Journal of Personality and Social Psychology* 60(5):649-655.
- TRIANDIS, H.C. 1984. A theoretical framework for the more efficient construction of cultural assimilators. *International Journal of Intercultural Relations* 8:301-330.
- TRIANDIS, H.C. 1989. The self and social behavior in differing cultural contexts. *Psychological Review* 96(3):506-520.
- TRIANDIS, H.C., BONTEMPO, R., BETANCOURT, H., BOND, M., LEUNG, K., BRENES, A., GEORGAS, J., HUI, C.H., MARIN, G., SETIADI, B., SINHA, J.B.P., VERMA, J., SPANGENBERG, J., TOUZARD, H. & DE MONTMOLIN, G. 1986. The measurement of the etic aspects of individualism and collectivism across cultures. *Australian Journal of Psychology* 38(3):257-267.
- TRIANDIS, H.C., BONTEMPO, R., VILLAREAL, M.J., ASAI, M. & LUCCA, N. 1988. Individualism and collectivism: Cross-cultural perspectives on self-ingroup relations. *Journal of Personality and Social Psychology* 54(2):323-338.
- TRIANDIS, H.C., BRISLIN, R. & HUI, C.H. 1988. Cross-cultural training across the individualism-collectivism divide. *International Journal of Intercultural Relations* 12:269-289.
- TRIANDIS, H.C., LEUNG, K., VILLAREAL, M.L. & CLACK, F.L. 1985. Allocentric versus idiocentric tendencies: convergent and

discriminant validation. *Journal of Research in Personality* 19:395-415.

TRIANDIS, H.C., MCCUSKER, C. & HUI, C.H. 1990. Multimethod probes of individualism and collectivism. *Journal of Personality and Social Psychology* 59(5):1007-1021.

TRUBISKY, P., TING-TOOMEY, S. & LIN, S-L. 1991. The influence of individualism-collectivism and self-monitoring on conflict styles. *International Journal of Intercultural Relations* 15(1):65-84.

VAN DER WALT, B.J. 1993. *Op soek na gemeenskaplike kulturele waardes vir 'n toekomstige Suid-Afrika: 'n voorlopige verkenning*. Potchefstroom, PU vir CHO.: Instituut vir Reformatoriese Studie.

WATERMAN, A. 1984. *The psychology of individualism*. New York: Praeger.

WHEELER, L., REIS, H.T. & BOND, M.H. 1989. Collectivism-individualism in everyday social life: the middle kingdom and the melting pot. *Journal of Personality and Social Psychology* 57(1):79-86.

YAMAGISHI, T. 1987. Exit from the group as an individualistic solution to the free rider problem in the United States and Japan. *Journal*

*of Experimental Social Psychology* 24:530-542.

YAMAGUCHI, S. 1994. Collectivism among the Japanese: a perspective from the self. In: Kim et al. 1994:175-188.

YANG, K. 1981. Social orientation and individual modernity among Chinese students in Taiwan. *The Journal of Social Psychology* 113:159-170.

YOSHIDA, T. 1994. Interpersonal versus non-interpersonal realities: an effective tool individualists can use to better understand collectivists. In: Brislin & Yoshida 1994:243-263.

YU, A-B. & YANG, K-S. 1994. The nature of achievement motivation in collectivist societies. In: Kim et al. 1994:239-250.

YUM, J.O. 1988. The impact of confucianism on interpersonal relationships and communication patterns in East Asia. *Communication Monographs* 55(4):374-388.